# IDASA beplan vir die toekoms

**deur Ben Gertenbach**

**Freelance journalist and associate member of IDASA.**

DIT is 'n nuwe jaar vir IDASA en ses maande ná die suksesvolle kruistog na Senegal. 'n Kruistog wat 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse politiek ingelui het.

Baie mense, veral in regeringskringe, het gehoop dat Dakar 'n eenmalige gebeurtenis was wat mettertyd in die vergetelheid sou verdwyn. Dié hoop het hulle beskaam.

Presies waar is op hierdie stadium nog nie duidelik nie, maar September vanjaar sal daar in 'n Afrika land in samewerking met die Afrika Juriste Vereniging 'n konferensie gehou word met die titel: Demokrasie in Afrika.

Wayne Mitchell, Nasionale Koördineerder van IDASA, sê dat verdere besonderhede oor hierdie konferensie nie nou al bekend gemaak kan word nie. Soos onderhandelinge vorder sal die publiek op hoogte gehou word.

Die konferensie waaraan talle Afrika-lande sal deelneem is egter net die spits van die ysberg wanneer dit kom by IDASA se beplande bedrywighede vir die jaar.

Wat buitelandse aksies deur IDASA betref, sal etlike groepe Suid-Afrikaners Zimbabwe deur die loop van die jaar besoek. Die eerste groep, twintig studente, sou trouens al verlede maand na Zimbabwe gegaan het, maar die besoek is uitgestel weens die kabinetsherskommeling in daardie land. Hulle sal nou op 'n later datum vertrek. Ander belange groepe wat Zimbabwe ook sal besoek, sluit in sakemanne, boere en akademici.

Die doel van hierdie besoeke is om samesprekings te voer en met top regeringsmense te gesels.

Die besoeke sal die groepe in staat stel om 'n land te besigtig wat in 'n burgeroorlog was en dit oor-

betrek. IDASA voel dat vroue 'n baie belangrike rol in die land se nasionale lewe speel en dat dit tot dusver verwaarloos is. Huisvroue en huiswerkers sal die sosiale omstandighede in die land bespreek. IDASA sal van sy kant af bywoning deur huisvroue organiseer.

Op hierdie gebied word reeds baie gedoen deur die reël van klein werkswinkels reg deur die land. Daar word gehoop dat 'n nasionale werkgewersvereniging uit hierdie konferensie sal ontstaan. Dit word in Augustus in Johannesburg gehou.

Grahamstad sal in Mei die gasheer wees vir 'n groot konferensie met die titel Demokrasie in Onderwys. Die doel daarmee sal wees om swartes die geleentheid te gee om

swart en
het. Sulke
instelling

Daar w
streek- en
kontak me
en student
gereël waa
meng en
die kleurg
gebou. O
kampe aan
nasionale
nis van sw

'n Ande
ferensie v
word, sal p
langegroep

"Daar is
regering t
kig is dit
vertrou ni
bring om '
uit te werk
ling plaas
besig met
moet 'n st
om dit te
Mitchell.

'n Nasio
fiek gemik
skap om di
spreek, w
blankes be
verbode ko
en dit is r
Mitchell.

Ook op
groot plan
suksesse
blanke pre
ruil vir di
word. Ook
predikante
byeen te
apartheid

Volgens
blankes ba
miese geb